

## Toolbox vir Mpumalanga streek hoofsaaklik

### **Reproduksie**

Meeste van ons weet dat reproduksie by vee die mees belangrike aspek is wat aandag moet geniet, alhoewel nie almal van ons genoeg aandag hieraan gee nie.

Metodes/maniere om hieraan aandag te gee:

#### **Ramme:**

- Toets ramme voor elke dekseisoen
- Kry ramme fiks en op goeie kondisie
- Gesond (ent en doseer)
- Suiet Multimin en Vit A & E
- Skeer, knip hoewe en horings
- Sit ouer en meer ervare ramme by eerste paar ooie in

#### **Ooie:**

- Klas van ooie om ou ooie en ooie met probleme uit te haal
- Regte voeding op regte tyd in regte hoeveelhede
- Gebruik van koggelramme of selfs KI
- Prikkelvoer vir ooie 3 -4 weke voor paring
- Kondisiepunt van 3 wat toeneem by paring
- Skei ooie in dragtigheidsgroepe in, bv 1/2/3 linge. Skandeer op 35-48 dae
- As getal skape vir plaas optimum is, verkort dekseisoen na 21 dae
- Gebruik van lamhokke of lamkampe om verliese te beperk – veral by KI. Lam klein hoeveelhede ooie saam in kampe as moontlik is
- Kruipvoer van dag 8-10 af. Sien excel sheets oor verskillende opsies
- Kruiphok 15 - 20 cm breed en 38 - 46 cm hoog

### VOOR LAMTYD: (laaste 6 weke)

- OOIE
  - Voeding is baie belangrik. Meerling ooie benodig hoër konsentraat voer
  - Ent teen blou-uier en bloednier
  - Vit A,D,E
  - Doseer indien nodig
  - As wol lank is, mikseer en maak seker uiers is skoon

### LAMTYD:

- Voeding en herstel na lamtyd speel 'n groot rol in die volgende siklus se besetting
- Ooie wat nie lam nie moet uitgeskot word, mits die bestuur op hulle goed was en getalle is reeds bereik. Anders kan 'n ooi dalk nog 'n kans gegun word
- Hou boek van alle ooie se lam geleenthede en status van dit

#### **Lammers:**

- Kruipvoer van dag 10
- Tatoer en sit sterte so gou moontlik af
- As slaglamproduksie gevolg word, los ramlammers se testes intact, hulle groei beter
- Identifiseer meerlinge en hou boek van alle lammers

## **KUNSBIES VIR HANSLAMMERS**

Kunsbies (eerste 2 dae)

**1 Liter beesmelk**

**1 eiergeel**

**2 eetlepels kookolie**

**1 teelepel (5g) glucose**

Aanbevole inname (melk of melksurrogaat)

10% van liggaamsmassa

Dag 1 – 6 : 150 ml 4x/dag (600 ml)

Dag 7 – 14 : 225 ml 4x/dag (900 ml)

Dag 15 – 16 : 300 ml 3x/dag (900 ml)

Dag 17 – 21 : 400 ml 3x/dag (1 200 ml)

Dag 22 – 28 : 600 ml 2x/dag (1 200 ml)

Dag 29 – 35 : 600 ml 1x/dag (600 ml)

Dag 36 – 42 : 350 ml 1x/dag (350 ml)

Gee kruipvoer ad lib vanaf dag 15.

Daar is dan ook paar ander hulpmiddels om aan reproduksie aandag te gee.

## **BELANGRIKE AFMETINGS BY DIE VOER VAN SKAPE**

- 8 cm vreet spasie vir lammers
- 2.5 cm Suip spasie per 10 skape
- 100 m<sup>2</sup> voldoende vir 50 - 80 skape

## **DIE SKEERHUIS**

Soos al die ander fasiliteite op 'n skaapplaas is 'n gerieflike skeerhuis baie belangrik. Sommige skaapboere beskik oor 'n gebou wat uitsluitlik vir skeer gebruik word. In die meeste gevalle word store of geboue net tydelik ingerig vir die skeerproses.

Gedurende skeertye kan skape baie wonde in 'n baie kort tydjie opdoen en is dit dus belangrik dat die volgende maatreëls toegepas word om enige besmettings te voorkom.

## A. SKEERHUISHIGIËNE

1. Was af en spuit die skeeroppervlakte en krale waar afgeskeerde skape gaan staan met 'n 3-5% Formalien oplossing.
2. Gooi daaglik 'n bietjie Formalien in die skeeders se emmers waarin hulle die skeertoerusting was.
3. Voorsien die skeeders met skoon oorpakke of langbroeke.
4. Ontsmet skeerwonde indien moontlik.
5. Ontsmet skêre as 'n abses raakgesny is.
6. Probeer dat pas geskeerde skape so gou as moontlik uit die krale gaan.
7. Skeerlammers eerste en volwasse skape later.
8. Moenie siek diere in die krale of skeerhuis aanhou en versorg nie.
9. Moenie die krale en skeerlokaal as 'n slagplek gebruik nie.
10. Moenie dooie diere se wol of velle in die skeerhuis of krale berg nie.

## B. WOLBESOEDELING

Omdat skoonopbrengs 'n belangrike eienskap is by die bepaling van die wol se prys, is dit belangrik dat daar op die volgende gelet word.

1. **Besems** — Moenie besems met hare gebruik nie, die hare gaan af en beland in die wol. Gebruik rubber harke of plastiese skrapers.
2. **Baaltou** - Rooibaaltou is een van die grootste bronne van besoedeling in die Suid-Afrikaanse skeersel. Stukkies tou word gereeld in eindprodukte gekry.
3. **Stof** - Voorkom stowwerige krale en werkplekke.
4. **Sakke** - Gebruik alleenlik sakke wat spesiaal gemaak is om wol in te verpak. Moenie jute of enige plasties geweeftde sakke gebruik nie.
5. **Skeeders se slaapplekke** - sakke, toue, ensovoorts wat skeeders gebruik kan ook besoedeling veroorsaak. Vuurhoutjie en stompies laat wol baie lelik voorkom.
6. **Honde** — Die hare van honde is ook 'n bron van besoedeling. Moet dus nie honde en veral skaaphonde in die skeerhuis toelaat nie.
7. **Verfmerke** - Verf op wol was nie uit nie. Gebruik verf op die nie woldraende dele byvoorbeeld die gesig en ore.
8. Verpak wol in goedgekeurde nylon sakke.

## AANVULLING VAN SKAPE IN MPUMALANGA

### 1. AANVULLING OP WINTERSVELD

Oorwintering van vee in Mpumalanga bly vir 'n veeboer een van die grootste uitdagings.

Die volgende riglyne of beginsels is belangrik:

- Voldoende hoeveelhede ruvoer in die vorm van gespaarde veld (veld wat die hele somer gerus het) is 'n voorvereiste vir suksesvolle oorwintering van skape op wintersveld.
- Slegs volwasse hamels en droë of dragtige ooie kan suksesvol op veld oorwinter word. Die voedingswaarde van veld is te swak en die voedingsbehoefte van lammerooie en speenlammers te hoog om oorwintering op veld ekonomies te regverdig.
- Aanvulling moet reeds so vroeg soos helfte Maart plaasvind – selfs vroeër afhangende van seisoene. Deur gereeld massabepalings te neem van diere, kan presies bepaal word wanneer massa stilstaan of verlies intree.
- Aanvulling op wintersveld moet nie gestaak word na die eerste reën nie, maar eers wanneer genoeg vreetbare materiaal in die lente beskikbaar is dat lek inname drasties daal.
- Uit proewe is dit duidelik dat proteïen die primêre tekort op wintersveld is en dan energie aanvulling 'n ondergeskikte rol speel. Proteïen moet dus beslis aangevul word, addisionele energie eers bevredigend na die tekort aan proteïen reggestel is.
- Wanneer 'n nie-proteïen stikstof of NPN bv. ureum as proteïenbron gebruik word, is 'n beperkte energie aanvulling noodsaaklik om die beste benutting van ureum te bewerkstellig.
- Vir vroeë herfsaanvulling word 25 g proteïen/skaap/per dag aanbeveel.
- In die winter word vir droë volwasse skape 'n proteïen peil van ongeveer 40g/skaap/dag aanbeveel. Dit is 6.5 g stikstof/skaap/per dag.
- Laat dragtige ooie behoort aanvulling opgestoot te word na 60 g proteïen/skaap/per dag.
- Wanneer ureum in winterslekke gebruik word, bly 'n klein hoeveelheid ammonium sulfaat in terme van liggaamsmassa voordelig en ekonomies geregverdig te wees. Insteede van ammonium sulfaat kan blomswael ook gebruik word (1 ammonium sulfaat : 5 ureum).

- Fosfor aanvulling het 'n onderdrukkende invloed op liggaamsmassa en moet uit winterlekke gelaat word vir droë diere.

### **AANVULLING OP SOMERSVELD**

- Gedurende die somermaande is 'n sout/fosfaatlek (50% sout : 50% dikalsiumfosfaat) vir droë en dragtige diere voldoende. Lammerooie moet gedurende die vroeë herfs reeds protein en energie aanvulling ontvang.
- Die uitgroei van slaglammers op somersveld kan aansienlik d.m.v. aanvulling verhoog word – 'n aanvulling van 25-30 g ru-protein en 200-220 g TVV/30 kg lam/per dag word aanbeveel.
- Voorsien 8g heel mielies/kg lewendige massa/per dag plus protein lek om lammers af te rond.
- 10 g sjokolade mielies/kg lewendige massa word aanbeveel.
- Bogenoemde aanvulling op somersveld kan ook gebruik word om vervangings ootjies se dekmassa tot 10 kg te verhoog.

### **3. AANVULLING OP MIELIERESTE**

Beweiding van mieliereste is standaard praktyk op die Oos-Transvaalse Hoëveld. Skape kan met groot sukses op die reste oorwinter word. Met die aanvang van beweiding is die voedingswaarde van die reste hoog as gevolg van die graan wat na stroop op die land agterbly. Suurpens kan egter 'n probleem wees, maar met goeie aanpassing op mieliegraan en 'n suurpens-voorkomende lek kan die probleem verklein word. Lacticon S kan ook doseer word om suurpens te voorkom en aanpassing nie nodig te maak nie.

#### **3.1 Droë ooie en hamels**

Droë ooie en hamels kan met groot sukses op mieliereste oorwinter word. Geen aanvulling is nodig as die skape op massa-onderhoud oorwinter moet word nie. Aanvulling vir droë skape is nie ekonomies geregverdig nie.

#### **3.2 Hoog-produiserende skape**

Die voedingsbehoefte van lakterende ooie en groeiende lammers is baie hoër as die van droë skape. Op mieliereste kom 'n proteïentekort by produserende diere voor wat aangevul moet word sodat produksie nie te benadeel word nie. Hoe hoër die proteïenaanvulling, hoe beter is die groei, maar 'n hoë peil van proteïenaanvulling is nie altyd ekonomies geregverdig nie.

Met die huidige beskikbare kennis wil dit voorkom asof in die orde 60 g proteïen/ooi/dag veral die eerste 6 - 8 weke van laktasie op mieliereste aangevul moet word. Die optimum peil van proteïenaanvulling is egter nog nie uitgeklaar nie.

In die geval van groeiende lammers wat mieliereste beweï, is ongeveer 30 g proteïënaanvulling/lam/dag nodig vir die beste ekonomiese resultate.

### 3.3 Die voorkoming of beperking van suursens op mieliereste of ongestroopte mielies

Alhoewel 'n klinkklare oplossing vir suursens nog nie gevind is nie, kan die suursens-voorkomende lekke in Tabel 2 in die tussentyd aanbeveel word. Die lekke moet ad lib. aan die skape beskikbaar gestel word.

### **KOGGELRAMME AS HULPMIDDEL**

Die gebruik van koggelramme is 'n belangrike hulpmiddel om te verseker dat genetiese vordering vinnig en ekonomies kan plaasvind. Koggelramme of hormoon behandelde hamels lewer ook 'n groot bydrae in sinkronisasieprogramme. Dit word egter nie aanbeveel om hormoon behandelde hamels te gebruik om ooie te merk vir KI doeleindes nie.

Belangrike punte om te onthou by die gebruik van koggelramme:

1. Maak koggelramme betyds  $\pm 6-9$  weke voor paartyd.
2. Moenie koggelramme vir langer as 10 dae by die ooie los voor hulle met ramme vervang word nie.
3. In die voorafgaande periode moet ooie totaal afgesonder word van ramme d.w.s. ook geen gemeenskaplike heinings nie aangesien selfs die reuk van ramme die resultaat mag beïnvloed.
4. Ooie kom gewoonlik so 14 dae na blootstelling op hitte. Let daarop dat die kruin van estrusaktiwiteit slegs oor 'n periode van 3-4 weke strek. Die aanvanklike stimulasie deur koggelramme moet dus redelik kort wees.
5. Na die piek periode neig ooie om in anestrus te gaan en eers na tot 2 maande weer in siklus te kom.
6. Waar koggelramme gebruik word om ooie te merk vir KI is dit belangrik dat die koggelramme ten minste 5 en nie langer as 10 dae by die ooie moet loop voor merkers aangesit word. Dit verseker dat ooie nie foutiewelik gemerk word nie.
7. Alle ooie wat deur die dag gemerk word kan dan daardie aand en nie later as die volgende oggend geïnsamuleer word.
8. Alle ooie wat deur die nag gemerk word kan dan daardie oggend en nie later as die middag geïnsamuleer word.
9. 'n Koggelram met 'n ander kleur merker kan gebruik word op ooie wat reeds geïnsamuleer is. Dit maak dit maklik om ooie wat nie gevat het of foutiewelik gemerk is, uit te wys.
10. Die gebruik van koggelramme maak dit moontlik om maksimum nageslag van die beste genetiese ramme te kry.
11. Die gebruik van die leer tuie met 'n kleur blokkie is minder doeltreffend as bv. om 'n mengsel van melksalf en waterverf te meng en aan die bors te smeer. Onthou koggelramme moet elke

dag gesmeer word. Die gebruik en korrekte bestuur van koggelramme kan 'n groot rol speel om suksesvolle genetiese vordering te behaal sonder om groot kostes aan te gaan.

## **SINKRONISASIE BY SKAPE**

1. Spons ooie vir 14 dae met progesteron tipe spons bv. (OVAKRON)
2. Onttrek spons op dag 14 en spuit follikel stimulerende hormoon binnespiers (OVASTIM)  
300 Internasionale eenhede vir Merino en Dohne Merino  
480 Internasionale eenhede vir Vleismerino  
Onthou 1 bottel Ovastim is 6000 internasionale eenhede  
Dit is genoeg om na verdunning met water 20 merino ooie of 14 vleismerino ooie te spuit.
3. KI ooie 54 uur na sponsontrekking
4. Sit opvolgramme by 12-14 dae na KI

## **GEbruik VAN CIDR's - VIR SIKRONISASIE**

NB: Dit is belangrik om die volgende te doen:

- IN KERSVLAM: Smel knoppie op punt van toutjie van CIDR in kersvlam af en maak toutjie terselfdertyd een derde korter. MOENIE met skêr afknip nie.
- Wanneer CIDR in ooi geplaas en toediener uitgetrek word, druk CIDR met vinger dieper in ooi in - CIDR-toediener is geneig om CIDR effens uit te trek wanneer verwyder word. (CIDR kan met toutjie en al binne ooi wees. Wanneer onttrek word, voel met vinger - CIDR word maklik raakgevoel en trek ook maklik uit).

Indien bogenoemde nie gevolg word nie, kan CIDR's verloor.

Wanneer ooie gespons word, doop punt van toediener waarin CIDR reeds geplaas is, in room.

## **SERVIKALE K.I.: TYE**

### **LENTE**

		<b>Sponse</b>	<b>CIDR's</b>
<b>Dorpers / Bokke Haar vleisskape</b>	Groot ooie	46 - 50	42 - 46
	Jong ooie	42 - 46	38 - 42

		<b>Sponse</b>	<b>CIDR's</b>
<b>Wolrasse</b>	Groot ooie	50 - 54	46 - 50
	Jong ooie	46 - 50	42 - 46

### **HERFS**

		<b>Sponse</b>	<b>CIDR's</b>
<b>Dorpers / Bokke Haar vleisskape</b>	Groot ooie	44 - 48	40 - 44
	Jong ooie	40 - 44	36 - 40

		<b>Sponse</b>	<b>CIDR's</b>
<b>Wolrasse</b>	Groot ooie	48 - 52	44 - 48
	Jong ooie	44 - 48	40 - 44



## LAPAROSKOPIE: TYE

### BEVRORE SEMEN

		Herfs		Lente	
		Sponse	CIDR's	Sponse	CIDR's
<b>Dorpers / Bokke Haar vleisskape</b>	Groot ooie	48 - 52	44 - 48	50 - 54	46 - 50
	Jong ooie	44 - 48	40 - 44	46 - 50	42 - 46
<b>Wolrasse</b>	Groot ooie	54 - 58	50 - 54	56 - 60	52 - 56
	Jong ooie	50 - 54	46 - 50	52 - 56	48 - 52

### VARS SEMEN

		Herfs		Lente	
		Sponse	CIDR's	Sponse	CIDR's
<b>Dorpers / Bokke Haar vleisskape</b>	Groot ooie	44 - 48	40 - 44	46 - 50	42 - 46
	Jong ooie	40 - 44	36 - 40	42 - 46	38 - 42
<b>Wolrasse</b>	Groot ooie	48 - 52	44 - 48	50 - 54	46 - 50
	Jong ooie	44 - 48	40 - 44	46 - 50	42 - 46

### **Ekonomiese studiegroepe**

Dit is belangrik om te weet wat jou skaapvertakking jou kos of hoeveel wins jy kan genereer uit wolskape af. Stig van nuwe studiegroepe is belangrik. Hierdie studiegroepe kan aan ekonomie en aan algemene skaapaksies aandag gee. Dit neem soms 'n tydjie om 'n studiegroep te begin, maar dit sal met tyd makliker gaan as boere die sukses agter dit sien.

### **Moniteringsplase**

Stig en instandhouding van probleemdiere moniteringsplase is belangrik. Ons versamel ook fotos van verliese om 'n databasis op te bou om te kan gebruik in die media indien moontlik.

Tesame met probleemdiere is die samewerking met die RPO ook belangrik om veediefstal te bekamp. Deelname van die NWKV se kant af aan plaaslike VIS vergaderings is noodsaaklik. (nee Bom, dit is nie Visvang vergaderings nie). Sal nou die aksies rondom Thys de Wet moet beplan.

### **Kort kursusse**

Kort kursusse soos bv skaaphantering is wonderlike TOOLS om veral die werkers op die plaas meer entoesiasies te maak vir skaapboerdery. Hulle verstaan beter oor hoekom mens sekere goed met die diere doen.

KI is ook 'n goeie TOOL om te hê want hoe korter jou lamtyd, hoe beter kan jy dit bestuur. Dis immers die skaapboer se oestyd...

Lesings by skole en tersiëre inrigtings is ook belangrik.

### **Excel modelle**

Excel modelle soos die bestuurskalender, begrotingsbeplanning ens is ook belangrik. Ek help boere om doelgerigte (spesifieke) modelle te ontwikkel wat by hulle praktyk pas. Werksblaaie waar meeste medisyne en by-middels op is asook blaaie met voer samestellings van verskillende maatskappye is ook baie handig om boere te kan adviseur.

**Wolboer**

Van die boere word lid by die NWKV oor die wolboer.

**Boeke**

Baie boeke van Universiteitsdae af en boeke sederdien is ook baie handig. Jasper Coetzee se boek toe hy nog by Voermol was is ook baie bruikbaar.

**Skoue**

Nampo, Mega en die Classic is belangrik. Ek voel dat die jeugskoue ook noodsaaklik is want dis waar ons die kinders se liefde vir skape moet “boost” en hulle aanmoeding om met wolskape te boer. Meeste van hulle se ouers boer.

**Boerevereniging vergaderings**

Dis belangrik om gesien te word. As die boere eers begin praat oor dat “waar is jy in die wêreld, leef jy nog”, dan skep dit ‘n negatiewe beeld. Mens hoef nie altyd ‘n spreekbeurt te kry nie, maar net jou teenwoordigheid stel van die boere gerus.

**Behoeftebepaling**

As daar ‘n behoefte onder boere in ‘n distrik bestaan vir opleiding, ‘n toer of enige iets van die aard, help hulle om dit te reël en ‘n sukses van dit te maak.

**In opsomming**

As ‘n boer jou bel en iets wil uitvind, wees behulpsaam. As ek nie weet nie, dan vind ek dadelik uit en skakel hom terug met ‘n antwoord. Dus is my selfoon ook ‘n TOOL wat baie handig gepas kom. Dis belangrik om die boere se vertroue te hê en te behou. Hulle moet die NWKV sien as die “one-stop-shop”. Hou dae wat die boere positief maak oor skaapboerdery en moenie onderskei tussen “groot” en “klein” boere nie, as hulle ‘n behoefte het, help hulle. Wees eerlik en opreg.